# Beleggers sal baat by nuwe boek

## Bevat detail oor 100 Sithole-beelde

**Marthinus van Bart**


'N nuwe hardebandboek oor 100 van die sowat 800 beeldhouwerke deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar Lucas Sithole (1931-1994) het vandeesweek sy opwagting in Kaapstad gemaak.

Die boek, getiteld *Lucas Sithole 1931-1994: Highlights*, is saamgestel deur Fernand F. Haenggi van Basel, Switserland.

Dit is 'n waardevolle publikasie vir beleggers, want Sithole se werke het onlangs weer goed presteer op Strauss & Co se kunsveiling in Johannesburg.

Die meeste foto's in die boek is in volkleur, afgedruk op glanspapier. Die plaaslike verspreider is die boekhandelaar Clarke's Bookshop in Langstraat, Kaapstad.

*Highlights* bied 'n ongewone benadering tot die onderwerp omdat dit slegs 'n baie beknopte biografie van die kunstenaar agterin bevat. Die fokus is op 100 Sithole-beeldhouwerke in private en korporatiewe besit, of wat wêreldwyd in openbare versamelings soos kunsmuseums bewaar word. Elke werk word individueel volblad afgedruk en op die teenblad verskyn die herkomsbesonderhede, uitstallings, verkope en publikasies waarin dit afgebeeld of beskryf is.




**Die omslag van die hardebandboek met 100 foto's met beskrywings van Lucas Sithole se beelde.**

Dié besonderhede is nuttig vir versamelaarbeleggers omdat dit die verkoopswaarde van die beeldhouwerke help bepaal. Elke stuk is ook genommer en word as sodanig op die webwerf www.sithole.com weergegee. Soms word die kunstenaar se kommentaar of interessante staaltjies by 'n bepaalde kunswerk aangehaal. Sithole was sterk gerig op die mitologiese, soos vervat in opvoedkundige fabels, legendes en mites van die vele inheemse volke in Afrika.

■ Skakel Clarke's Bookshop by 021 423 5739 of stuur 'n e-pos aan books@clarkesbooks.co.za vir meer inligting of bestellings.

■ Stuur gerus veilingnuus na kultuurkroniek@gmail.com.